
3 OKTOBER 2021

# TORINGKERK nuus



KORAALBOOM
SEPT 2021

## IT WAS ONLY

### F. SCOTT FITZGERALD

"It was only a sunny smile,
and little it cost in the giving,
but like morning light
it scattered the night
and made the day worth living."

# KOM IN! ONS DEURE IS WEER OOP OM 09:00!

Ons is baie opgewonde om weer ons kerkdeure te kan oopmaak om weer in persoon 'n erediens te kan deel!

Die voordeur en die twee kantdeure sal Sondag oop wees, waar jy dan die COVID protokol kan volg, voor jy jou sitplek inneem.

**BELANGRIK!**
Onthou dat kerk vanaf Oktober-maand weer **09h00 begin** (en nie 9h30 nie)!





## SISTERHOOD

"Sisterhood" is 'n kleingroep vir vroue wat op 'n weeklikse basis bymekaar kom om saam te gesels en te bid. Ons bied vir mekaar ondersteuning en 'n veilige ruimte om te deel, te luister of net te wees.

Ons begin weer hierdie Donderdagaand vanaf 18:30 - 19:30 in die kerk. COVID protokol word gevolg en ons moedig almal aan om maskers te dra en gereeld te saniteer.

Kontak vir Juli of Jana indien jy deel wil word van hierdie groep.

## RUSOORD PEN PALS

Die inwoners van Rusoord het 'n paar weke gelede 'n hele paar briewe vir die jongmense geskryf met die vraag:

"Wat is die grootste lewensles wat jy sou wou deel met jou jonger self?"

Hierdie briewe is baie inspirerend. Ons wil weer die ou manier van kommunikasie afstof - om briewe te skryf - en so mekaar!
Deur middel van briewe, kan jy en jou Pen Pal in Rusoord lewenslesse, resepte en bemoediging met mekaar deel.

Laat weet gerus vir Ryno of Janneke indien jy graag 'n Pen Pal in Rusoord wil hê.



GEBEURE OM NA UIT TE SIEN

# Dagboek DIE DATUM



**17 OKT.**
Kinderkleingroepe + KruisCONNECT!
Ons begin weer!



**17 OKT.**
Nuwe reeks!
Wysheid uit die planteryk



**5-6 NOV.**
AANLYN MARKIETIE
Toringkerk Aanlyn



**20 NOV.**
NATANIËL
Toringkerk

Hou die afkondigings en sosiale media dop vir meer inliging.

**BID . SIEN . DEEL**

Kantoor nr. 021 872 6730 | Epos: info@toringkerk.co.za

# aanlyn MARKIETIE

"my tuiskombuis"

## NOVEMBER 2021

| SON | MA | DI | WO | DO | VRY | SAT |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | ~~5~~ | 6 |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |

Bestellings maak
Dinsdag 5 Okt
oop

Laat weet asb vir
Jana teen **Son 3 Okt**
wat jy gaan bring!

**To Do :**

Onthou om voor 2 November op die Toringkerk Webtuiste te bestel!

## HOE KAN JY HELP?

### Help by reedsbestaande spanne wat die volgende items maak:

Bied jou hulp aan om hierdie spanne te help of te ondersteun!

Reeds bestaande kosspanne:

- Burgers
- Biltong
- Droë wors
- Pasteie
- Gebak
- Blomme
- Pannekoek
- Poeding
- Matiesous
- Wit olifant
- Groente
- Lucky packet vir kids

### Bak of maak iets vanuit jou eie kombuis of huis!

Ons moedig jou aan om enige iets wat jy kan bied te maak en te skenk vir die aanlyn verkope!

Voorbeelde:

- Bak 'n koek (of meer!)
- Skilderye
- Selfgemaakde klere
- Hout borde
- Kersstaanders

Laat jou verbeelding gaan! Dit wat jy kan bied is wat ons nodig het! Laat weet asb vir Jana wat jy beplan om te bring teen **Son. 3 Okt.**



## GEBEDSVERSOEKE

- Ons bid vir **Ayanke en die Stander-familie** wat nou besig is met haar laaste paar weke van behandeling! Ons is so trots op julle!
- Ons bid vir **Renier Bester se ma, Rina Bester**, se gesondheid en herstel.
- Ons bid vir **Gretchen Klue** vir haar herstel na haar rugoperasie. Ons bid vir volle genesing.
- Ons bid vir **Joe en Elmarie Kotzé** wat hierdie week 'n vierde familielid binne 8 maande aan die dood afgestaan het. Ons dink aan julle in hierdie tyd.
- Ons bid vir **alle ouers en enkelouers** wat uitdagings in hierdie tyd ervaar.
- Ons bid vir die **tieners en jongmense**. Ons is bewus van die uitdagings wat hierdie lewensfase bied, en nog meer so in Covid-tyd. Ons is hier vir julle.
- Ons bid vir die **Paarl Echo Huis** projek en dat dit goed ondersteun sal word.
- Ons bid dat almal 'n **goeie skoolvakansie en rus** sal geniet en dat die wat **reis veilig sal terugkeer**.
- Ons bid vir die **4de kwartaal** en al die werksaamhede.

***Kontak asb enige van die leraars as ons vir jou kan bid.***

## KOEKIESEEP (175-200G)

Vir die maand van Oktober samel ons 46 koekies seep (vir badkamer gebruik) in. Hierdie items gaan deel vorm van die Kersfees-kospakkie vir ons Diep & Vêr familie.

**Ons benodig nog die volgende:**
Seep: 46
Skottelgoedopwasmiddel: 23

Jy is welkom om dit by die kerkkantoor af te laai.

***Andersins kan jy vir Hannetjie of Janneke kontak vir 'n ander reëling.***





## HAM SKOENDOOSPROJEK

HAM beplan weer om einde van die jaar 'n heerlike Kersfeespartytjie te hou vir al die inwoners van HAM op 27 November.

Ons is weer gevra om skoendoos-geskenkies op te maak vir al ons dogters van Huis Aristea! Ons is dus tans opsoek na 13 mense wat sal kan help om hierdie skoendose op te maak.

Indien jy kans sien, kontak gerus vir Janneke vir meer inligting hieroor.

## VLEISWERK

Ons is baie opgewonde dat ons Aanlyn MARKietie hierdie jaar weer voortgaan!

As deel van ons voorbereiding vir hierdie dag, nooi ons jou uit om te kom help met ons Vleiswerk-oggend. **Ons benodig jou hulp!**

**Datum:** 2 Oktober 2021 (Saterdag-oggend)
**Tyd:** 8h30
**Plek:** Henk se huis (kontak vir Ryno)
**Bring saam:** Eie skerp mes en houtbord

***Kontak gerus vir Ryno vir enige verdere inligting.***



## BAIE GELUK met jou verjaarsdag!

03/10 Hannelie Ackermann
03/10 Amaria Erasmus
03/10 Ronél Fourie
04/10 Luca Baartman
04/10 Leshia de Waal
04/10 Gerhard Steenkamp
05/10 Jumi Abrahams
05/10 EP Booysen
05/10 Graham Cooper
05/10 Pohl de Villiers
05/10 Margaret Lotz
05/10 Wessel van Zyl
06/10 Cheryl Brink
06/10 Johan Grobbelaar
06/10 Mercia Olivier
06/10 Louie Walters
07/10 Elzette Swanepoel
08/10 Wolf Cilliers
08/10 Johanna Goncalves
08/10 Pieter Prins
08/10 Sandra Sage
08/10 Michael Cilliers
09/10 Valerie Makkink
09/10 Hentie Nel
09/10 Adri Van der Merwe
09/10 Nicole Willemse







## HOE LYK JOU GLAS WATER? - AMANDA DU TOIT

Ek is seker ons almal ken die uitdrukking "Is die glas half leeg of half vol?" wat dan gebruik word om aan te dui of 'n spesifieke situasie die oorsaak vir pessimisme of optimisme kan wees. Ek wil my verstout deur te sê dat vir baie van ons (veral met die jaar wat ons amper agter die rug het), is die glas half leeg, maar nou die dag lees ek dat ons die punt mis – die glas is altyd hervulbaar!

So, waarmee vul jy jou glas? Dit is so maklik om te konsentreer op dit wat stukkend of gebroke is en ongelukkig in Suid Afrika òf in die Paarl òf sommer net om die Toringkerkgebou hoef jy nie ver te soek om stukkende of gebroke voorbeelde te sien nie.

Maar . . . ek lees ook van ‘n vrou wat besig is met ‘n groot restorasieprojek in Frankryk. Sy het vir maande gedink die klein loodglas driehoekies in ‘n deur is totaal gebreek, net om te ontdek dat dit glad nie die geval is nie! Jy kon in haar geskryf die vreugde van die ontdekking aanvoel! Ons vergeet so maklik om kennis te neem van die dinge wat nie stukkend is nie en ons celebrate dit nie genoeg nie.

Tog wil die Here in Pred 3 :12 hê dat ons vrolik moet wees en die goeie van die lewe moet geniet.
Ondersoek jou denke die week en ontdek dat jou wêreld dalk nie so stukkend is as wat jy dink nie. Soek altyd na die kleurvolle loodglasskatte tussen die glasskerwe. Daar is nog baie skoonheid en 'heelheid' in. Dit is tyd om daai halwe glas te vervul.

3 OKTOBER 2021

# TORINGKERK nuus



TORINGKERK ZAPPER

## BID | SIEN | DEEL

OFFERGAWES, MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES:



**OFFERGAWES, MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES:**

TORINGKERK
ABSA
TAKKODE: 632 005
REK NR: 400 590 176



## MAAK KONTAK MET ONS

AS JY MET 'N LERAAR WIL GESELS, KONTAK ONS GERUS.


### LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Ryno Els | 083 610 1641 | ryno@toringkerk.co.za

### JEUG/MAATSKAPLIKE WERKER

Janneke Marais | 082 831 6165 | janneke@toringkerk.co.za

### KANTOOR

Annelie Koegelenberg | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

### ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 | marionell2@gmail.com

### KOSTER

Neels Visser | 082 740 7353 | neels@toringkerk.co.za

### TENTMAKER/GEMEENTERAADSVOORSITTER

Dawfre Theron | 082 899 3959 | dawfre@toringkerk.co.za

### TORINGKERK SELFOON

Stoor die nommer op jou foon en Whatsapp jou naam na 084 621 2094


Kontak gerus die kantoor indien jy nie die Toringkerk Nuus per epos of Whatsapp wil ontvang nie.